


Laodicèa

die laaste dae kerk



Is 'n leerling beter as sy

MEESTER Mat 10:24

Die laaste dae? – Meeste mense besef dat ons nou in die laaste dae leef. Hulle gees getuig dit en hulle sien elke dag hoe die tekens van die tye, dramaties toeneem **Mark. 13:4-8**. - Aardbewings, weghol brande, tsunamies, oorstromings, weer veranderings, hongersnood, tegnologiese ontploffing, kennis vermeerdering, tyd verkorting, globale stelsels, een wêreldregering, een godsdienststelsel, morele verval, terrorisme, Israel die middelpunt van bespreking, atoombom dreigemente, gerugte van oorloë, pessiektes, vigs, gay-parades, gay huwelike, rebelse kinders, Godslastering. Jesus waarsku ons oor en oor dat daar in die laaste dae baie valse profete en leraars gaan wees **Mat. 24:4-5**. As dit die laaste dae is, waar is al hierdie valse profete dan?

Daar moet eers 'n groot afval kom, voor die Here Sy bruid kom haal **2Thes. 2:3**. Nie herlewing, groei en seëninge nie, wel 'n valse vrede **Dan. 9:27**. Almal is stadig maar seker besig om hande te vat met die hoer van Openbaring **Opb. 18:3-4**. Dit is profesië wat in vervulling gaan **2Pet. 1:19-21**. Hierdie wêreld stuur af op die oordele van God **Jes. 13:7-9**, en niemand gaan dit keer nie. As jy nie nou verlos kan word van hierdie wêreld nie **1Joh. 2:15-17**, as 'n Christen of selfs as 'n leraar, gaan jy die oordele van God nie vry spring nie **Jes. 24:2-3**. Ons kan net uit die wêreld gered word **Gal 1:4**, nie dit verander nie! Jesus het gesê dat sy bruid geestelik vas aan die slaap sal wees voor Sy koms **Mat. 25:5**. Oor en oor het die profete soos Hosèa, Daniël, Esègiël, Elia, Elisa, Jeremia, Jesaja, Jona, Johannes ens. net een boodskap vir die KINDERS VAN GOD gehad - bekeer julle van julle verkeerde weë. God soek nie godsdienstige offergawes, lofprysing, en gebede terwyl ons hande vuil en besmet is nie. Dit is vir Hom 'n las, Hy is moeg om dit te dra. Was julle - reinig julle – BEKEER JULLE van julle verkeerde weë **Jes. 1:13-20**.

Die kerk van Laodicèa - In **Opb2-3** leer ons van die 7 fases wat die kerk op aarde moet deur gaan, vanaf die Hemelvaart, tot dat Jesus sy bruid kom haal. Die laaste fase, is die kerk van Laodicèa. In Grieks beteken dit - menseregte. Ons lees - Jesus staan buite hierdie kerk - en klop – Jesus vermaan hierdie kerk om haar te bekeer – want sy het verryk geword – en sy weet nie dat dit sy is wat ellendig en beklaenswaardig, arm, blind en naak is nie. Jesus raai dië kerk aan om terug te keer na die ware evangelie. Koop van My goud wat gelouter is, wit klere om aan te trek, en salf om te kan sien. Jesus sê vir dië kerk, was jy maar liewer koud of warm - maar omdat jy lou is sal Ek jou uit My mond spuug. Wie 'n oor het, laat hom hoor! Wie oorwin sal saam met Hom op Sy troon sit - **Opb. 3:14-22**. - As ons om ons kyk na die kerk van vandag, sien ons die kerk van Laodicèa besig om in sy volheid te manifesteer. Die kerk het verryk geword, tug word glad nie toegepas nie, sonde word menseregte genoem, hebsug en wêreldse bestuurstelsels is die norm van die dag **2Pet. 2:1-3**. Christelike popmusiek word gebruik om mense te vermaak. Die boodskappe en musiek laat almal voel dat hulle kinders van God is. Mense kom nie meer onder sonde oortuiging nie. As daar oor sonde gepraat word, sê hulle jy oordeel **1Kor.2:15**. Sonde soos sodomie word aanvaar **1Kor. 6:9-10**, selfs tot op leraars vlak. Vroue predikers word opgehef **1Kor. 14:33-35** en God se orde word omgedraai en ondermyn. Die kerk skep 'n gemaklike - kom soos jy wil - Jesus is net liefde – Jesus gaan jou net seën – atmosfeer **1Tim. 6:3-5**. Die vrees vir die Here het verdwyn. Opbouende, doelgerigte kursusse en motiverings praatjies is al wat die kerk het om te offer, terwyl Jesus buite staan en klop. Hulle bemoedig, motiveer en bou die eie ek op. Hulle bevredig die vlees. Hulle wil die duiwel bind en uitskop. Hulle wil die wêreld vir Jesus wen en 'n beter plek maak om in te woon. Die kerk is besig met alles behalwe waarmee hulle besig moet wees.

Wolwe in skaapklere - Die valse leraars en profete kom soos wolwe in skaapklere **Mat. 7:15**. Miljoene Christene verslind hulle “geestelike” materiaal, terwyl hulle meer en meer verryk word. Die huis van die Here het 'n handelshuis geword **Joh. 2:13-16**. Onthou, alles word onder die vaandel van “Christenskap” gedoen. Ons het vergeet - **2Kor. 11:14-15**- die duiwel kom soos 'n engel van die lig. Paulus sê, as iemand 'n ander Jesus of 'n ander evangelie verkondig sal hulle 'n ander gees ontvang **2Kor. 11:4**. **Joyce Meyers**, op 'n vraag, hoe 'n huisvrou dit reggekry het om so “RYK” te word antwoord sy “ I am now living in my reward, if you stay in the faith, you are

going to get paid" Luk. 12:15. **Billy Graham** die meester evangelis sê "I believe people can be saved without knowing Jesus Christ" Joh. 14:6. Openlik vat hy hande met ander gelowe en sê "I respect other paths to God" Joh. 10:1+9. **Bruce Wilkinson** sit openlik by die selfde vuur as **Robert Schuller** - die "New Age" en "Eastern Spiritual "guru Efs. 5:11. **Rick Warren** se "purpose driven" konsep is gebaseer op **Norman Vincend Peal** se wêreldse, mammon gedrewe, bestuursprogram 1Joh. 4:5. Dit fokus op die uiterlike groei van die kerk, en nie die geestelike nie. Hy het onlangs 300 homoseksuele pastore opleiding gegee Rom. 1:26-32. Hy is die voorloper met sy internasionale "PEACE PLAN" 1Thes. 5:3, wat die weg baan om uiteindelik met alle gelowe hande te vat. **Joël Osteen** se stelling, *ontdek die kampioen in jou*, skiet vêr te kort teen die sonde oortuiging van die Bybel. Hy glo as 'n kind van God, kry jy die beste sitplekke en voorkeur behandeling deur die wêreld. Dit is presies die teenoorgestelde wat Jesus gesê het Joh. 15:18-19. **Sakkie Spanenberg** vra of ons nog werklik kan verwys na die Bybel as die Woord van God Gal. 1:6-8. **Andries van Aarde** sê Maria was 'n hoer en Jesus 'n buite egtelike kind wat net oor 'n vader figuur gefantaseer het Mat. 1:18-25. **Lina Spies** sê sy glo nie meer in die Godheid van Christus nie 1Joh. 5:7-12. **Willem Voster, Daniel Veldsman, Ben du Toit, Jurie Le Roux, Piet Gyser, Pieter Botha, Hansie Wolmerans, Piet Müller, Willem Jordaan, Julian Müller, Ben du Toit, Christina Landman en Dirk Human** is maar van ons "geleerdes" Luk 12:10 wat die baan weg vir die kerk van Laodicèa in Suid-Afrika. Hulle ontken die maagdelike geboorte en fisiese opstanding van Jesus Joh. 20. Openlik word God en Jesus gelaster. Die Bybel waarsku ons duidelik dat in die laaste tye, sulke ketters, leeringe van duiwels sal aanhang 1Tim. 4 1-2. Stelselmatig berei hierdie valse leraars Christene voor in die denkwyse van die New Age. Binnekort, sal die meester van die New Age hom openbaar, die komende Antichris 2Thess. 2:3-12.

Wat is die gesonde leer? – waarvan Paulus ons waarsku – wat mense in die laaste dae nie sal wil verdra nie 2Tim. 4:1-5. Die dood gewone ou kruisboodskap. 1Kor. 1:18 waarsku ons dat die kruis boodskap, in die laaste dae, dwaasheid sal wees vir die wat verlore gaan. *Wat is hierdie kruisboodskap?* - Jy moet eers tot die besef kom dat jy verlore is. Jy moet besef dat net een - JA NET EEN - jou kan red, die seun van God – **JESUS CHRISTUS**. Jy moet jou bekeer, deur jou sondes te bely, en dit dan te laat staan Spr. 28:13. As jy dit opreg bedoel, word jy wedergebore Joh. 3:3. ALLES - moet nou nuut word 2 Kor. 5:17. Jy moet die Heilige Gees toelaat om vir jou die Woord oop te breek, en jou onder sonde oortuiging te bring Joh. 16:8-14. Na wedergeboorte moet jy gedoop word Mark 16:16, en die Gees van God toelaat om jou dieper die woestyn in te ly Rom. 8:14. Die vuur van God moet jou louter en reinig 1Pet 1:7. Almal wat Hy tugtig, het Hy lief Spr. 3:11-12. Almal wat Hy bestraf en louter, het Hy lief Opb. 3:19. Jy moet jou rug op die wêreld en sy grootheid draai Rom. 12:1-2. Jy moet oorwinning oor sonde en vleeslike begeertes kry Rom. 13:11-14. Jy moet skatte in die Hemel bymekaar maak Mat. 6:19-21, nie op aarde nie. Hierdie is net 'n tentwoning 2Kor. 5:1- Jy moet God vrees Pred 12:13. Jy moet vir Hom ALLES gee om te bestuur Spr. 3:5-6. Die wêreld moet sien dat jy nie meer leef nie - maar Christus in jou lewe Gal. 2:20. Dit is ALLES of NIKS. Dit is 'n baie duur prys, maar met kosbare, volmaakte, Goddelike beloftes 2Kor. 7:1. Jesus sê alhoewel baie sal probeer, min dit sal regkry Luk. 13:24. Het jy jou lewe in hierdie lewe gevind of het jy dit verloor? Mat. 10:39, daar is nie 'n middeweg nie. Wie saam met Hom sterf, sal saam met Hom lewe 2 Tim. 2:11. Pasop! - dat jy nie mislei word nie!

Die misleiding is so fyn. As jy jou nog nie bekeer het - of nog nie wedergebore is nie - of nog nie gesterf het aan die eie ek nie, selfs as 'n Christen of 'n leraar, staan jy 'n goeie kans om deur die Laodicèa kerk van die laaste dae meegesleep en mislei te word 2Pet. 2:1-3. 400 jaar voor Jesus se koms, het God Hom onttrek van Sy volk Jes. 6:9-13 om die wêreld voor te berei vir die koms van Jesus. As jy jouself kon terugvat en in Israel rond beweeg het, rondom daai tyd - sou jy gedink het, alles was normaal. Die sinagoges was vol, die priesters was volop, mooi aangetrek. Godsdien was in oorfloed, maar God was nie daar nie! Esg. 8:1-18. Ons het nou aan die einde van die kerk dispensasie gekom, en Jesus is nie meer in die kerk nie! Hy staan buite en klop Opb. 3:19. Die wêreld word nou voorberei vir die Joodse dispensasie en die groot verdrukking. As ons om ons kyk,

lyk dit asof daar herlewing is, maar, pasop die wolwe is hier, reg onder ons neuse **Tit. 1:10-11**. Maak dood seker jou lewe getuig van die gesonde leër.

Jesus kom Sy bruid haal. Deur die tradisionele Joodse huwelik kan 'n mens duidelik die prentjie van die ware gesonde evangelie sien. *Dit begin* - waar die bruidegom sy bruid kies. Jesus het sy bruid gekies lank voor sy hom gekies het **Joh. 15:16**. Dan word 'n prys vir die bruid bepaal. Jesus het klaar die volle prys vir sy bruid betaal **1Kor. 6:20**. Dan word daar 'n huweliks kontrak voorgelê. Die nuwe testament is ons huweliks kontrak **Heb. 12:24**. Sy moet dit deur lees en verstaan wat die bruidegom van haar verwag. Na sy die kontrak gelees het, het sy haar antwoord gegee. Het jy al jou kontrak gelees, verstaan jy wat Jesus van Sy bruid verwag **2Tim. 3:14-17**, of vertrou jy maar blindelings 'n leerstelling. Nadat sy haar antwoord gegee het, het hulle uit 'n beker gedrink om die komende huwelik te besvestig. Besef jy volkome - die heilige sakramentiese waarde van die nagmaal? **1Kor. 10:16**. Hierna het sy haarself heeltemal, in water, laat was. Die verlowing is dan eers wettig verklaar, as sy dit hierna gebreek het, was dit strafbaar. Met die doop na ware wedergeboorte, sterf die oumens **Kol. 2:12**, en kan nie weer terug gedraai word nie **Heb. 6:1-6**. Dan word geskenke uitgedeel. Die Heilige Gees is ons verloofring. Jesus het verskillende gawes vir Sy bruid geskenk om mekaar te bedien **1Kor. 12:4**. Dan het die bruidegom na sy vader se huis gegaan om vir hulle 'n plek voor te berei. Jesus het gesê dat Hy na Sy Vader se huis gaan om vir Sy bruid plek te gaan voorberei **Joh. 14:2-3**. Niemand behalwe die vader het geweet wanneer hy hom gaan stuur om sy bruid te gaan haal nie, Jesus het ook so getuig **Mat. 24:36**. Jesus het wel vir ons baie duidelike tekens gegee, om aan te dui wanneer dit naby is **Luk. 21:28**. Sy moes nou in volle geloof lewe op die belofte, dat hy haar gaan kom haal. Dit kon 12 maande duur voordat hulle mekaar weer sou sien.

Sy moes steeds plein toe gaan, om te gaan handel. Maar sy moes vir almal op die plein wys dat sy nou aan iemand anders behoort **Joh. 15:19**. Alhoewel haar vriende vry was en nog kon flankeer op die plein, moes sy 'n duidelike standpunt inneem **EK IS NOU VERLOOF 2Tim. 2:5**. Ywerig het sy haar trourok skoon, vlekloos en wit gehou **2Pet. 3:14**, verwagting dat hy haar enige oomblik sou kom haal **1Joh 3:3**. Op 'n dag sê die vader vir sy seun, gaan haal jou bruid, dan het sy vriende vooruit gehardloop en op basuine geblaas. Sy moes 'n lampie laat brand om te wys dat sy gereed is. As sy die basuine hoor blaas - kon sy nie nog rondskarrel op soek na olie nie, sy moes dadelik haar lampie reg kry. Sy moes genoeg kwaliteit olie by haar hê **Mat. 25:1-13**. Om olie bymekaar te maak vat tyd **Tit. 2:11-13**, dis afsterf, aflê en oorwin, kruis opname, jy kan nie half in die wêreld wees en olie bymekaar maak nie, die vyf dwase maagde het ongelukkig so gedink. Dit is 'n volydse lewenswyse, dit is ALLES of NIKS. As die mense op die plein, nie weet dat jy verloof is nie, gaan hulle verseker by jou aanlê en jou probeer verlei, al sê jy wat! Dit was seker nie maklik vir 'n jong meisie om afgesonder op die plein rond te beweeg, net met die hoop dat hy haar eendag gaan kom haal, terwyl al haar vriendinne laggend op die plein speel nie. Maar as die liefde opreg was, sou sy dit maklik kan volhou **Hoog. 5:3-4**. Kind van God - Maak dood seker die wêreld weet vandag - waar jy staan! - Hoor - Hy is opad.